Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 05 • NOVEMBER / DECEMBER 2021



## CERES/KOUE BOKKEVELD-KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING: DONKERBOS 2020/2021

## EMPANGENI INFORMATION DAY A SPUD-TACULAR LEARNING EXPERIENCE

Die GeoFarmer-platform maak monitering maklik

Stuit Alfalfa-mosaïekvirus in sy spore

Potato product exports: A twelve-month snapshot




# Deel 5: Donker kurkagtige letsels

Deur dr Fienie Niederwieser, Aartappels Suid-Afrika

Knolle met ongewone donkerkleurige kurkagtige letsels (*Foto 1* en *2*) is sedert 2016 in verskillende produksiestreke opgemerk, telkens na 'n warm groeiseisoen.

Wanneer aangetaste knolle gewas word, vertoon die letsels donkerbruin tot byna swart (*Foto 3*). In een geval is knolle deurgesny en vir 'n rukkie gelaat. Die aangetaste interne weefsel het verkleur van bruin na 'n rooibruin kleur (*Foto 4*).


In 'n ander geval is knolle weke na plantafsterwe geoes en kon die donker besmette weefsel maklik van die onderliggende weefsel geskei word (*Foto 5* en *6*). Die onderliggende weefsel het onaangetas vertoon.

Dié simptome is op knolle van verskillende kultivars waargeneem en die letsels kan sekondêr besmet word met ander patogene.


1


2


3


4


5


6

Om die oorsake van hierdie ongewone simptome te identifiseer, moet verdere monsters ondersoek word. Kontak my by fienie@potatoes.co.za of 083 634 4848 om te reël vir die afhaal van knolle.